social development

Department:
Social Development
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

KONTROLELYS VIR OUERS

aangaande die heropening van vroeë kinderontwikkelingsprogramme en/of gedeeltelike sorg fasiliteite wat 'n naskooldiens lewer rakende die maatreëls rakende die hantering, voorkoming en bekamping van COVID-19, voor die heropening daarvan en hertoelating van kinders.

Die Minister van Maatskaplike Ontwikkeling oorweeg 'n datum vir die heropening van vroeë kinderontwikkeling (VKO) sentrums (gedeeltelike sorg fasiliteite wat vroeë kinderontwikkelingsprogramme aanbied in terme van artikel 93(5)(a) van die Wet), speelgroepe, kinderoppassers (dagmoeders), speelgoedbiblioteke, mobiele vroeë kinderontwikkelingsprogramme en gedeeltelike sorg fasiliteite wat 'n naskooldiens lewersoos bepaal deur die Kinderwet 38 van 2005. Die Minister sal die heropenings datum aankondig in die Staatskoerant sowel as in die media.

Die Minister van Maatskaplike Ontwikkeling in samewerking met die Departement van Maatskaplike Ontwikkeling moet 'n verskeie faktore in ag neem, insluitende navorsing rakende die oordra van COVID-19 en die impak daarvan voordat sy 'n besluit neem rakende die bogenoemde programme. **Die Minister is bewus dat wanneer sy die aankondiging doen vir die heropening van die vroeë kinderontwikkelingsprogramme en gedeeltelike sorg fasiliteite dat dit ook by implikasie ouers adviseer dat dit redelikgewys veilig is om hulle kinders terug te neem na hierdie programme toe, sou hulle so besluit**.

Dit is belangrik vir die ouers om te verstaan dat die besluit om hul kinders te laat terugkeer na vroeë kinderontwikkelingsprogramme en/of gedeeltelike sorg fasiliteite is vrywillig en in geheel die besluit van die ouer of wettige voog. Daarom het die ouers reg tot die volgende voor hulle 'n besluit neem om hul kinders terug te stuur na 'n vroeë ontwikkelingssprogram of gedeeltelike sorg fasiliteit:

1. Om ingelig te word rakende die maatreëls rakende die hantering, voorkoming en bekamping van COVID-19 wat gevolg is deur 'n vroeë kinderontwikkelingsprogram en/of gedeeltelike sorg fasiliteit ter voorbereiding voor die heropening en hertoeling van kinders.
2. Om ingelig te word rakende die maatreëls en prosedures wat 'n vroeë kinderontwikkelingsprogram en/of gedeeltelike sorg fasiliteit sal volg rakende die hantering, voorkoming en bekamping van COVID-19 wanneer dit heropen.
3. Om ingelig te word dat geen kind, insluitende 'n kind met 'n gestremdheid, toegang/ hertoelating geweier mag word tot 'n vroeë kinderontwikkelingsprogram en/of gedeeltelike sorg fasiliteit wat sodanige kind bygewoon het gedurende die maand wanneer die nasionale noodtoestand aangekondig is nie, behalwe in 'n geval soos aangedui in paragraaf 4.
4. Om ingelig te word dat 'n kind met 'n onderliggende gesondheidstoestand in 'n verhoogde risiko het soos aangedui deur die Departement van Gesondheid, en dat sodanige kind nie mag terugkeer na 'n vroeë kinderontwikkelingsprogram en/of gedeeltelike sorg fasiliteit nie, tensy 'n mediese praktisyn skriftelike toestemming gegee het dat dit veilig vir die kind sal wees om terug te keer en deel te neem aan vroeë kinderontwikkelingsprogram en/of gedeeltelike sorg fasiliteit.
5. Om navraag te doen en van inligting voorsien te word van die maatreëls en prosedures rakende die hantering, voorkoming en bekamping van COVID-19 in die vroeë kinderontwikkelingsprogram en/of gedeeltelike sorg fasiliteit voor hy/sy as ouer besluit of hulle hul kind gaan terug stuur of nie (gebruik die kontrolelys vir hiervoor).

	Kontrolelys vir ouers	✓	✗
1	Die fasiliteit het inigting rakende die heropening verskaf en tesame met ander nodige inligting wat ek mag nodig kry	☐	☐
2	Ek is ingelig dat die terugkeer van my kind/ers na die vroeë kinderontwikkelingsprogram en/of gedeeltelike sorg fasiliteit vrywillig is en in geheel my besluit is	☐	☐
3	Ek is van inligting voorsien hoe om my kind daagliks voor te berei voor hy of sy na die vroeë kinderontwikkelingsprogram en/of gedeeltelike sorg fasiliteit gaan	☐	☐
4	Inligting rakende die daaglikse simptoomsifting wanneer die perseel betree or verlaat word is aan my voorsien	☐	☐
5	Die perseel en die toerusting is skoongemaak voor die heropening	☐	☐
6	Inligting hoe die perseel en toerusting daagliks skoon gemaak gaan word om die verspreiding van COVID-19 te voorkom en te bekamp is aan my meegedeel	☐	☐
7	Alle personeel het opleiding /oriëntasie ontvang rakende die voorkoming en bekamping van COVID-19	☐	☐
8	Ek is gevra vir my kontakbesonderhede en asook om alternatiewe kontakbesonderhede te voorsien sou my kind siek word en ek gekontak moet word	☐	☐
9	Daar is prosedures en maatreëls in plek om toegang tot die perseel te beheer	☐	☐
10	Inligting rakende die prosedures van toepassing indien my kind of 'n ander kind sou siek word of simptome toon wat gekoppel is aan COVID-19, is aan my verskaf	☐	☐
11	Inligting rakende registrasie van die vroeë kinderontwikkelingsprogram en/of gedeeltelike sorg fasiliteit in terme van die Kinderwet 38 van 2005 is aan my voorsien, en indien dit nog nie geregistreer is nie, is inligting verkaf rakende die maatreëls wat in plek is om geregistreer te word	☐	☐
12	Inligting rakende die maatreëls en prosedures wat in plek is om kinders te isoleer en te versorg wanneer hulle siek word, is aan my verskaf	☐	☐
13	Inligting rakende die prosedures wat van toepassing is wanneer 'n personeellid siek word of simptome toon wat gekoppel is aan COVID-19, is aan my verskaf	☐	☐
14	Inligting wat aandui dat 'n kind met 'n bekende onderliggende gesondheidstoestand wat hom of haar in 'n hoër risiko plaas soos aangedui deur die Departement van Gesondheid en nie mag terugkeer nie, tensy 'n mediese praktisyn skriftelike toestemming gee dat dit veilig vir sodanige kind sal wees om terug te keer en deel te neem aan vroeë kinderontwikkelingsprogram en/of gedeeltelike sorg fasiliteit.	☐	☐
15	Inligting rakende die vereistes aangaande die dra van gesigmaskers, en gevalle waar dit nie 'n vereiste is nie, tydens die bywoning van 'n vroeë kinderontwikkelingsprogram en/of gedeeltelike sorg fasiliteit.	☐	☐
16	Hoe sosiale / fisiese afstandhouding beoefen en aangepas sal word	☐	☐
17	Ek is ingelig dat 'n kind vergesel moet word deur 'n ouer of 'n wettige voog, of as dit nie moontlik is nie as gevolg van praktiese redes, 'n persoon wat deur die ouer of wettige voog aangestel is, om teenwoordig te wees elke dag vir die simptoomsifting.	☐	☐

This is the *Afrikaans* version of the **Parents' Checklist** published under the signature of the Acting Director General on 23 June 2020. The original English version remains the official version.